# HANDVES VIR PASIËNTREGTE

Die groter meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking se fundamentele menseregte is al vir dekades lank van hul ontneem of geskend, insluitend die reg op gesondheidsorgdienste. Om te verseker dat almal bewus is van die reg op toegang tot gesondheidsorgdienste wat deur die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet Nr. 108 van 1996), gewaarborg word, het die Departement van Gesondheid die HANVES VIR PASIËNTEREGTE daar gestel. Hiermee verbind die department hom daartoe om hierdie reg te handhaaf, te bevorder en te beskerm, en verklaar die handves as 'n algemene standaard vir die bereiking van hierdie reg.
Die Handves is onderhewig aan die bepalings van enige wet wat binne die Republiek van Suid-Afrika van krag is en die land se finansiële middele.

**'N GESONDE EN VEILIGE OMGEWING**
Elkeen het die reg op 'n gesonde en veilige omgewing wat hulle geestes- en fisiese gesondheid of welsyn sal verseker. Dit sluit ook in voldoende watervoorsiening, sanitasie en afvalverwydering, asook beskerming teen alle vorme van omgewingsgevaar soos besoedeling, ekologiese agteruitgang of infeksie.

**DEELNAME AAN BESLUITNEMING**
Elke burger het die reg om deel te neem aan die ontwikkeling van gesondheidsbeleide en elkeen het die reg op deelname aan besluitneming oor aangeleenthede wat sy/haar gesondheid raak.

**TOEGANG TOT GESONDHEIDSORG**
Elkeen het die reg op toegang tot gesondheidsorgdienste wat insluit:
i. die lewering van tydige noodsorg by enige gesondheidsorgfasiliteit wat oop is, ongeag sy/haar vermoë om te betaal;
ii. om ingelig te word oor die behandeling en rehabilitasie wat hy/sy gaan ontvang om sodoende die pasiënt in staat te stel om die gevolge daarvan te verstaan;
iii. voorsiening vir die spesiale behoeftes van pasgeborenes, kinders, swanger vroue, bejaardes, gestremdes, pasiënte met pyn, mense wat leef met MIV, of vigspasiënte;
iv. berading sonder diskriminasie, dwang of geweld oor onderwerpe soos reproduktiewe gesondheid, kanker of MIV/vigs;
v. palliatiewe sorg wat bekostigbaar en doeltreffend is in geval van ongeneeslike of terminale siekte;
vi. 'n positiewe ingesteldheid deur gesondheidsorgverskaffers, wat hoflikheid, menswaardigheid, geduld, empatie en verdraagsaamheid bewys; en
vii. gesondheidsinligting wat insluit die beskikbaarheid van gesondheidsdienste en hoe om die beste daarvan gebruik te maak, in 'n taal wat die pasiënt verstaan.

Kennis van gesondheidsversekering- of mediese hulpskema
'n Lid van 'n gesondheidsversekering- of mediese hulpskema is geregtig op inligting oor die spesifikieke versekering- of mediese hulpskema en om, waar nodig, die besluite van die gesondheidsversekering- of mediese hulpskema te bevraagteken.

**KEUSE VAN GESONDHEIDSDIENSTE**
Elkeen het die reg om 'n spesifieke gesondheidsorgverskaffer vir dienste of 'n spesifieke gesondheidsfasiliteit vir behandeling te kies, mits die keuse nie strydig is met die etiese standaarde wat op die gesondheidsorgverskaffer of -fasiliteit van toepassing is nie en die keuse van fasiliteite in ooreenstemming is met die voorgeskrewe diensleweringsriglyne.

Behandeling deur 'n geïdentifiseerde gesondheidsorgverskaffer
Elkeen het die reg om te weet wie die persoon is wat gesondheidsorg lewer en moet dus sorg ontvang van gesondheidsorgverskaffers wat duidelik geïdentifiseer is.

**VERTROULIKHEID EN PRIVAATHEID**
Inligting oor 'n mens se gesondheid en jou behandeling kan slegs met ingeligte toestemming bekend gemaak word, behalwe wanneer bekendmaking ingevolge 'n wet of hofbevel vereis word.

**INGELIGTE TOESTEMMING**
Elkeen het die reg om volledige en akkurate inligting oor die aard van sy/haar siekte, diagnostiese prosedures, die voorgestelde behandeling en die koste betrokke te ontvang om sodoende 'n ingeligte besluit te kan neem.

**WEIERING VAN BEHANDELING**
'n Persoon kan behandeling mondeling of skriftelik weier, mits sodanige weiering nie die gesondheid van ander in die gevaar stel nie.

**VERWYSING VIR 'N TWEEDE OPINIE**
Elkeen het die reg om op sy/haar versoek na 'n gesondheidsverskaffer van sy/haar keuse verwys te word vir 'n tweede opinie.

**VOLGEHOUE SORG**
'n Gesondheidsorgwerker of 'n gesondheidsfasiliteit wat aanvanklik verantwoordelikheid vir 'n pasiënt se gesondheid aanvaar het, mag nie later behandeling/diens weier nie.

**KLAGTES OOR GESONDHEIDSDIENSTE**
Elkeen het die reg om oor gesondheidsorgdienste te kla, om hul klagtes te laat ondersoek en 'n volledige antwoord na 'n ondersoek te ontvang.
Elke pasiënt of kliënt het die volgende verantwoordelikhede:

- Om die gesondheidsorgverskaffers in te lig oor sy/haar wense met betrekking tot sy/haar dood.
- Om die voorgeskrewe behandeling- of rehabilitasieprosedures te volg.
- Om navraag te doen oor die koste van behandeling en/of rehabilitasie en om betaling te reël.
- Om gesondheidsrekords in sy/haar besit op te pas.
- Om sy/haar gesondheid op te pas.
- O die omgewing op te pas en te beskerm.
- Om die regte van ander pasiënte en gesondheidsverskaffers te eerbiedig.
- Om die gesondheidsorgstelsel reg te gebruik en nie te misbruik nie.
- Om sy/haar plaaslike gesondheidsdienste te ken en te weet wat dit bied.
- Om toepaslike en akkurate inligting aan gesondheidsorgverskaffers te verskaf vir diagnostiese, behandelings-, rehabilitasie- of raadgewingsdoeleindes.

**Directorate Quality Assurance: Private Bag X828, Pretoria. 0001. Telephone: 012 395 8264/3**
**www.doh.gov.za**

health
Department:
Health
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA